**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1365

JAARGANG XX — WOENSDAG 23 JUNIE 1965 — NR. 6

## HOOFARTIKEL VRA STEUN VIR P.U.

**Die beroep wat mnr. Tommie Muller, tydens die opening van die Industriële Chemiegebou, gedoen het op nyweraars wat voordeel uit die stigting van 'n leerstoel in Industriële Chemie sal trek om finansiële steun aan die P.U. te verleen, het ondersteuning in 'n hoofartikel van Die Transvaler van Vrydag verkry.**

In die hoofartikel word daarop gewys dat die P.U. nie oor onbeperkte fondse beskik nie en miskien die inrigting is wat die swakste in die opsig daaraan toe is. Die P.U. moes ook te midde van die baie vooroordeel en miskenning ontwikkel.

**JAMMER**

Dit is jammer dat die vooroordeel nog nie heeltemal gewyk het nie, vervolg die artikel, want die Universiteit het 'n aansienlike aantal persone gelewer wat betekenisvolle rolle in die samelewing gespeel het en daar by 'n studiepeil handhaaf wat 'n vergelyking met enige ander universiteit in Suid-Afrika kan weerstaan.

„Dit is om hierdie rede dat 'n mens graag die hoop wil uitspreek dat die woorde van mnr. Muller nie op dowe ore sal val nie, maar dat alle ondernemings wat voordeel uit die opleiding in Potchefstroom behaal het, hierdie inrigting sal help om sy vleuels nog wyer uit te slaan."

## AFVAARDIGING VAN P.U. NA KONFERENSIE

Die P.U.-afvaardiging vir die eerskomende A.S.B.-kongres wat op Heidelberg gehou word, is mnre. Roelf du Plessis (leier), Jan Bradley, Bennie de Klerk, Andries du Plooy en Chris van Ryssen.

Mnre. Callie Coetzee, Hans Swanepoel, Coert van der Merwe, Joon van Rooy, Schutte Venter en mejj. Marié du Plessis en Cecilia Schutte sal die afgevaardigdes as waarnemers vergesel.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 — Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat — Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# S.A.U.K. IS OUTONOOM

## — *Sê Radioman*

**„DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE is 'n outonome liggaam wat die mondstuk van Suid-Afrika en niks anders is nie," het die bekende radiopersoonlikheid, mnr. Pieter de Bruyn, gesê toe hy die plaaslike A.S.B.-tak verlede Woensdagaand in die Totiussaal toegespreek het.**

**Mnr. de Bruyn, wat oor die Radio en Afrikaanse Kultuur gepraat het, het daarop gewys dat dit die beleid van die S.A.U.K. is om alles te onderskryf wat vir Suid-Afrika bevorderlik is en om die beleid van die politieke party wat aan bewind is te aanvaar.**

Die S.A.U.K. sal beslis alle pogings wat daarop gemik is om die christelike demokrasie en die afsonderlike bestaan van die inwoners in Suid-Afrika skade te berokken, teenstaan.

**KULTUUR**

Wat die Afrikaanse sender betref, het mnr. De Bruyn gesê, word daar ten alle tye gepoog om die kultuur van die Afrikaner te behou en te bevorder.

**Die instelling van die aandgodsdiens is maar een van talle pogings wat vir die doel aangewend word. Teen die verwagting van baie radiokenners in, luister meer persone na die program as na enige ander wat uitgesaai word. Agt persent van die Afrikaanse programme word aan godsdiensuitsendings bestee, wat die hoogste in die wêreld vir nie-godsdienstige uitsaaistasies is.**

Baie Afrikaners ly egter nog aan 'n minderwaardigheidskompleks wanneer hulle op sekere terreine hulle taal moet aanwend. In die opsig gee die Afrikaanse diens ook leiding deur die Afrikaner bewus van sy eie taal en kultuur te maak. Die taalbewustheid word verskerp deur die geleentheid wat aan indiwiduele skrywers gebied word „om die evokatiewe woord uit eie bodem te tower" vir radiohoorspele.

## Raar maar waar dis aangeteken




**Raar maar waar ,in swart en wit staan dit aangeteken ! ! ! Aardrykskunde ,Geologie, Dierkunde, tot onder uit by Farmasie.**
**Net vir die dames van die Huishoudkunde Departement is daar nie voorsiening gemaak nie. 'n Groot aantal dames van die departement voel boos en ongelukkig omdat hulle so „misken" is.**
**Die mans dink egter nie dit is nodig nie-, almal weet mos waar die mooiste en hardwerkendste dames op die kampus klasloop.**

## Regering van Suid-Afrika dieselfde as antichris sê Nusas o/president

**In die afgelope tyd is daar aan Engelstalige universiteite veelal gesê en geskryf wat vir die Afrikaanse oor vreemd en onverantwoordelik geklink het.**

Prof. Albert Geyser het tydens die Akademiese Vryheidsdag van die Universiteit Kaapstad gesê: „Om 'n liberalis en 'n humanis te wees is een van die mees heiligste dinge in die menslike samelewing."

Rhodes Universiteit het Hamilton Russel uitgenooi om tydens die universiteit se Akademiese Vryheidsdag as hoofspreker op te tree. Hy het ondermeer gesê: „Ek twyfel of selfs Christus 'n volle landsburger van hierdie treurige land van ons sou kon word."

Ook die studente self het soortgelyke uitsprake gemaak. Peter Mansfield, onderpresident van Nusas, het gesê dat die Suid-Afrikaanse regering met die van die antichris ooreenstem en dat die Minister van Justisie op dieselfde morele vlak beweeg as die Kommunisme wat hy so ywerig beveg.

In die hoofartikel van NUX, studenteblad van Universiteit Natal (Pietermaritzburg), word die Eerste Minister, dr. Verwoerd, die Minister van Justisie, mnr. Vorster en die Minister van Poswese, mnr. Hertzog, met die bekende drie apies vergelyk wat nie kwaad wil sien, hoor of sê nie.



**JOHAN BREET,**
**toerleier van Thalia.**
**Sien berig op bladsy vyf.**

## Wetenskaplikes het kom kyk na versneller

Drre. R. S. Loubser, D. M. Kemp en D. J. von Blackstrom, almal van die Raad op Atoomkrag, het 'n week gelede 'n besoek aan die P.U. en in die besonder aan die departement Fisika en die kernversneller gebring.

## Ere-Professoraat vir Direkteur

Dr. A. W. Lategan is onlangs benoem as ere-professor van die Departement Industriële Chemie aan die P.U. Hy is 'n direkteur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.

Dr. Lategan is onlangs verkies tot president van die konvokasie van die Universiteit Pretoria. Hy volg dr. Hilgard Muller, minister van Buitelandse Sake, wat benoem is as kanselier van U.P., op.



Dié vier bekende kunstenaars het op 7 Mei in 'n uitvoering van die Collegium Musicum in die Konserwatoriumsaal opgetree. In die gewone volgorde verskyn: mej. A. Schulenburg, D. Ochse, mej. S. Sauerman en A. Solomon.

# KUNSGESELSIE

Hoe dikwels hoor ons nie iemand smalend van 'n kunswerk sê: „Wat is dit nou eintlik veronderstel om te wees?"

Hierdie houding is niks anders as 'n onbewuste erkenning van die uiterste onkunde van die beginsels van die kuns. Waar kom die idee vandaan dat 'n kunswerk altyd iets moet oordra, iets moet voorstel, iets moet weergee? Dit is nie altyd nodig nie. Kuns kan iets heeltemal op sy eie wees; 'n skoonheid wat alleen skoon is en niks anders nie.

René Huyghe beskryf die geskiedenis van die Wes-Europese kuns as 'n reeks episodes waarin die kunstenaar met die werklikheid gekonfronteer word, episodes van „die worsteling van Jakob met die Engel, waar die kunstenaar Jakob en die Engel die werklikheid is."

**Hieruit kan ons aflei dat die werklikheid altyd baie na aan teenwoordig is, maar tog nie gedurig uitgebeeld word nie. Sover dit kuns betref word daar weliswaar heel dikwels gestreef om iets werkliks weer te gee, of die een of ander skoonheid in die natuur uit te beeld.**

Daar is baie skone dinge soveel wonderlikhede in die skepping wat nie presies weergee kan word nie; is hierdie dinge nie kuns nie, nie kuns waardig nie?

Natuurlik is dit onsin! Omdat dit in die Surrealisme wesenlik nie meer daarom gaan om kunswerke voort te bring nie, maar om die nie-onthulde en onontbulbare deel van ons wese te belig, waar alle skoonheid, alle geliefde, alle deug wat ons nouliks ken, met intense gloed straal," is die Surrealisme geen aanvaarbare kuns nie? Almal weet immers dat dit nie so is nie.

Hier is die uitgangspunt dat die gees, terwyl dit in die onderbewuste verkeer, die geheime trillinge van daardie lewe soos 'n kardiograaf registreer; die kunswerk voer, volgens die Surrealiste, 'n eie bestaan van binne uit. Hier kan dit byna vergelyk word met die Ekspressionisme, wat een van die belangrike versuitinge teen die verslaafdheid aan die uiterlike werklikheid was.

**Seker die belangrikste kunsrigting, die uiteinde van al die rigtings wat in opstand gekom het teen die sogenaamde verslaafdheid aan die uiterlike werklikheid, is die abstrakte of nonfiguratiewe kuns. En dis juis hier waar ons die meeste sondig; waar dit die duidelikste blyk dat ons nie werklik weet dat kuns dikwels kuns IS deur bloot kuns te wees nie.**

In Engels is daar 'n beter uitdrukking „Art for the sake of art." Menige abstrakte werk is in sy lynespel 'n worsteling van kragte; roep in sy kleurharmonieë gevoelstoestande op, maak ons bewus van ons onbewuste en die beroering daar; menige werk bevredig of boei ons as die oplossing van 'n plastiese probleem.

**DIT IS KUNS**

Maar nog is dit nie die werklikheid nie. Is dit daarom geen kuns nie? Natuurlik is dit kuns!

Hoe gouer ons veral die Afrikanervolk wat alte dikwels trots is op hul weiering om enigiets wat nuut is te aanvaar) besef dat daar meer skone dinge, meer kuns is as wat ons kan sien en aanraak, hoe voordeliger sal dit vir die gees van ons kultuur wees. Vernuwing is nodig, maar vernuwing sonder aanvaarding is nutteloos. Onwilligheid om die nuwe te aanvaar kan heel dikwels op 'n engheid van gees dui.

(H.M.)

# VERWAG BAIE VAN VOLKSPELERS OP KUNSFEES

**Die A.S.B.-kunsfees vind vanjaar van 5 tot 9 Julie by die Heidelbergse Onderwyskollege plaas. Die P.U. hoop om soos gewoonlik weer goed verteenwoordig te word.**

Die hoogste verwagtinge lê bepaald by die Volkspelelaer. Dié groep volkspelers het al deur die jaar by hule gereelde oefeninge gewys waartoe hule in staat is. Vir die volksang het ook 'n groep Pukke ingeskryf.

**JAMMER**

Dit is jammer dat daar nie 'n skaakspan gaan om die Puk te verteenwoordig nie, want tot dusver het dit gelyk asof die belangstelling en talent nie ontbreek nie.

Die A.B.K.K. is bereid om persone wat die Kunsfees wil bywoon, geldelik te steun, het mnr. Nico van der Merwe, die voorsitter, in 'n onderhoud gesê



Gaan die volkspelers weer so maak? Die groep op die foto het tydens verlede jaar se A.S.B.-Kunsfees met die louere weggeloop en is hier besig met 'n vertoning in die Totiussaal.

# PUKKE IN DIE KUNSWÊRELD

**REEDS op die besonder jeugdige ouderdom van dertig jaar is André P. Brink 'n briljante skrywer, van wie dertien boeke al in druk verskyn het. Sy Lobola vir die Lewe word beskou as die belangrikste kentering in die Afrikaanse letterkunde.**

**TWEE MEESTERSGRADE**

Hy het sy B.A.-graad (met Afrikaans, Engels en Geskiedenis as hoofvakke) aan die P.U.K. behaal. Later voeg hy Frans by sy kursusse, behaal sy U.O.D., en ook sy meestersgraad in Engels. Sy M.A.-verhandeling in Afrikaans handel oor Germanicus en die Tragedies van Shakespeare.

In 1959 vertrek hy na Frankryk, waar hy twee jaar lank letterkunde aan die Sorbonne in Parys bestudeer. Hy deurreis feitlik die hele Europa, veral Frankryk, Spanje, Italië en Portugal.

André Brink is tans een van die redakteurs van die tydskrif Standpunte.

Mnr. Brink is tans dosent in Afrikaans aan die Rhodes Universiteit te Grahamstad.

Dit is later gepubliseer as Orde en Chaos.

**BESTE WERKE**

**'n Aantal van sy beste werke is: Caesar ('n versdrama waarmee hy die Eugéne Marais-prys verower het; in 1961, Lobola vir die Lewe (1962), Potpourri (1962), Sempre Diritto (1963), Die Ambassadeur (1963, wat hy self in 1964 in Engels vertaal), en Orgie (1965).**

# SKAAKKKLUB BESLIS NIE MAT VANJAAR

**Vir die tweede agtereenvolgende jaar het Uitspan as oorwinnaars uit die inter-koshuisskaakliga getree. Heimat A was tweede en Dawie Dup derde.**

**ANDER LIGAS**

Die Potchefstroomse skaakliga word tans deur die P.U.-skaakklub gereël en dié klub hoop om ten minste twee of drie spanne vir die liga in te skryf. Daar is verder wedstryde vir die jaar teen Heidelberg, Tuks, N.K.P. en die Goudstadse Onderwyskollege gereël.

Die bestuur wil langs hierdie weg alle deelnemers bedank vir hulle mooi samewerking en ondersteuning in dié verband. Die spel was deurgaans van hoë gehalte en die goeie gees wat deurentyd geheers het was opvallend, het mnr. Nic Vreken, voorsitter van die klub gesê.

Die baie nuwe talent wat opgemerk is, is verblydend en die bestuur spreek die hoop uit dat al die huidige deelnemers aktiewe lede van die klub sal bly.

# BEATLES!

**Die feit dat die Beatles vandag as Members of the British Empire aangespreek kan word het skynbaar nie veel indruk by Uitsaaihuis, soos tewens op baie ander plekke in die wêreld, gemaak nie.**

**Mnr. Pjeter de Bruyn het Woensdag in sy toespraak voor die A.S.B. (sien elders) gesê dat die Afrikaanse sender nie musiek van die Beatles uitsaai nie en trots daarop is. — O.D.**

# Studente nie vertroud met beeldende kunste

**„Blykbaar is die studente nog nie heeltemal vertroud met die idee van 'n vereniging vir beeldende kunste op die Puk nie", het mnr. Arrie de Raadt, voorsitter van hierdie vereniging, in 'n onderhoud gesê.**

By twee geleenthede wat daar byeenkomste gereël is, het min belangstellendes opgedaag. Mnr. de Raadt het gesê hy vra homself die vraag af of studente hulle nie te veel verlaat op die akademiese of professionele sy van die beeldende kunste nie, in plaas van aandag te gee aan amateurskuns -en wel die beoefening van die kuns self. Die student moet nie die idee kry dat slegs beroepskunstenaars die kuns met sukses kan beoefen nie.

Die Vereniging vir Beeldende kunste sal geleentheid bied aan die gewone student om sy talente te ontwikkel.

Belangstellendes moet met mnr. De Raadt skakel.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

# Interuniversitêr

**RHODES**

'n Rekord-bedrag van oor die R11,000, vir liefdadigheid is deur die jaarlikse jool ingebring. Na verlede jaar se debakel is meelbomgevegte tydens vanjaar se jool verbied.

**FORT HARE.**

Tydens die gradeplegtigheid het dr. F. J. de Villiers, kanselier van Unisa, gesê dat die tyd ryp is vir die oprigting van 'n mediese skool vir die opleiding van Xhosa-, Zoeloe- en Sothodokters. (Met inagneming van sy besondere Ciskei-Transkei-ligging en die groot Bantoehospitaal op Lovedale, is Fort Hare na verwagting die aangewese plek).

**INDIëRS.**

Tussen R2- en R3-miljoen sal spandeer word in die eerste ontwikkelingstadium van die Indiër-universiteitskollege in Durban. Die universiteit sal op sowat 200 morg opgerig word en plek vir 2,000 studente hê.

**MATIES.**

Die huidige wit erekleurbaadjie is as onprakties deur 'n nuwe projek, bestaande uit blou baadjie en erekleurwapen, vervang.

**BELLVILLE.**

Tydens die gradeplegtigheid van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland is 51 grade en sewentien diplomas toegeken. Binne vyf jaar het die studentetal met 252 toegeneem.

**MEDIES.**

Om die tekort aan blanke dokters op te los is besluit om die bestaande mediese fakulteite uit te bou in plaas daarvan om nuwes in te stel, het die minister van onderwys in die Volksraad gesê.

**TURFLOOP.**

Enigiemand wat Turfloop 'n "tribal college" noem, praat deur sy hoed, sê die rektor, prof. E. F. Potgieter.

**UNISA.**

Die Universiteit van Suid-Afrika groei die snelste van alle Suid-Afrikaanse universiteite, is tydens die gradeplegtigheid van die universiteit gesê. Die gemiddelde jaarlikse toename in studentetal is ongeveer dertien persent, om dit op 16,000 vir 1965 te bring.



**Lede van die Departement Fisika besig om 'n ballon in gereedheid te kry vir die lansering verlede Vrydag.**

# WATERSTOFBALLON VIR NAVORSING

**'n Waterstofballon met 'n geigerpakkie is Vrydag deur fisici van die P.U. die lug ingestuur as deel van 'n internasionale navorsingsprojek, het mnr. Kobus van der Walt, navorsingsbeampte van die W.N.N.R. en verbonde aan die plaaslike Fisikadepartement, in 'n onderhoud gesê.**

Die onderhoud is by die ontvangsantenna bo-op die dak van die Fisikagebou gevoer terwyl mnr. Van der Walt die sterkte van die seine nagegaan het wat van die ballon ontvang is. Die antenna staan op die hoogste punt van die kampus.

**Die lansering van die ballon het in samewerking met die Solar Particles and Radiation Monotary Organization (SPARMO) geskied. Die plaaslike Fisikadepartement is die enigste in Suid-Afrika wat hierby betrek is.**

Die doel van die navorsing is om die tydsvariasies van kosmiese strale op groot hoogtes na te gaan. Daar word maandliks so 'n ballon, wat met waterstof gevul is, opgestuur en ook wanneer daar magnetiese storms aan die gang is, het mnr. Van der Walt gesê.

## Prof. Meyer by Kernraad

Prof. dr. M. A. Meyer, van die Universiteit van Potshefstroom, is vir 'n jaar as besoekende navorsingsleier van die Atoomkragraad aangestel, het dr. A. J. A. Roux, direkteur-generaal van die raad verlede maand aangekondig.

Die aanstelling is gedoen ingevolge die beleid van die raad om finansiële en ander hulp vir basiese kernnavorsing te verskaf.

Prof. Meyer sal aktief meedoen aan die bestaande navorsingsprogram en sal reëlings tref dat navorsers en nagraadse studente aan die P.U. die grootste voordeel uit die geriewe van die navorsingsentrum by Pelindaba trek.

# EERSTEJAARS HERSKRYF DIE PUK SE GESKIEDENIS

**EERSTEJAARS aan die P.U. het onlangs 'n studentehandboekeksamen afgelê. Hulle het baie interessanthede kwytgeraak — onder meer dinge wat oud-Pukke in hulle grafte sal laat omdraai! Hier volg uittreksels uit enkele vraestelle:**

Gewetensklousule: (a) Al die Teologiese studente moes betaal om aan die verkiesings deel te neem; (b) hulle was Engelsgesind.

Die universiteit het afgesien van NUSAS.

Die Puk het by die Universiteit van die Witwatersrand aangesluit en so staatsteun gekry.

'n Rampspoedige gebeurtenis op die vooraand van selfstandigwording: 'n kommissie van twee persone stel ondersoek in en vind dat al die Puk se geboue gesloop moet word.

Kanselier: die Minister van Binnelandse Sake en Onderwys, Min. Jan van der Merwe.

Prof. F. Postma se ideaal was om Rektor te wees.

Die eerste rugbyspan was die Villagers.

Die Studenteraad oefen gesag uit deur middel van 'n voorsitter, sekretaris, penningsmeester en damesverteenwoordigster.

P.U.-sportklub: P.U. boksklub, P.U.-rolbalklub, P.U.-massaswemklub, P.U.-damessewmklub, P.U.-manstennisklub, P.U.-damestennisklub, P.U. mansatletiekklub, P.U.-damesatletiekklub.

Die Debatsvereniging reël die fietsreisies, skynhof, en interfakultêre skaakkompetisie.

Wie is op die hoofbestuur van die A.S.B.? Antwoord: Das Herbst as hy nog daar is.

Funksie van die A.B.K.K.: Dit bevordering van kultuur es kuns, nie net onder studente nie, maar ook onder mense.

A.S.G.: Afrikaanse Sendinggenootskap; Afrikaanse studentegenerasie.

Die voorsitter van die S.R. vorm die grondslag en basis van Korps.

Die A.B.K.K. reël die Besembos-toer en gemengde pieknieks.

Korps is gestig omdat NUSAS van die Calvinistiese leerstellinge begin afdwaal het.

Kaptein van dameshokkiespan: mej. Lieb Liebenberg.

Korps is in 1894 gestig en Jan Bradley was die eerste voorsitter.

## Konferensie vir dames op Heidelberg

Mev. Betsie Verwoerd, eggenote van die Eerste Minister, neem op 3 Julie die opening van die eerste amptelike Dameskongres van die A.S.B. te Heidelberg waar.

Die tema van die kongres is „Die uitdaging aan die Damestudent — vandag en more". Verskeie aspekte soos die kulturele, politieke en ekonomiese sal deur die dames bespreek word.

Mejj. Martie du Plessis en Tersia Geere sal die P.U. verteenwoordig.

## Geleerde uit Nederland vir P.U.

Prof. dr. M. C. Smit van die Vrije Universiteit van Amsterdam, sal aan die begin van 1966 vir sowat twee maande lank as professor aan die P.U. verbonde wees.

Prof. Smit se vakgebied is Geskiedenis, maar sy belangstelling strek ook tot die Staatsleer, die Wysbegeerte en die grondslae van die Hoër Onderwys.

Volgens 'n vasstaande skema ruil die P.U. en die Vrije Universiteit gereeld dosente uit.

# Dames en mans eet lekker sê oud-Puk-prof.

**Die Universiteit van Port Elizabeth is een van die weinige universiteite in die land wat oor 'n selfbedieningseetsaal beskik.**

Sowat sestig studente van aldrie koshuise, Wegspring en Pembridge — manskoshuise — en Felsted 'n dameskoshuis, eet by hierdie eetsaal. Die eetsaal is by Wegspring.

Die eetsaal verskil ook van ander universiteite in die opsig dat dames en mans dieselfde eetsaal gebruik en dat studente wat nie in die koshuise woon nie, ook daar kan eet.

Prof. T. T. Cloete, voorheen dosent aan die P.U. en koshuisvader van Wegspring, het gesê dat hy die stelsel verkies omdat dit 'n aangename gees by die studente skep. Aan die eettafel leer almal mekaar ken en verloop dinge sommer baie ordelik wanneer die twee geslagte saam eet.

Afrikaans- en Engelssprekende studente meng vryelik met etenstye. Dit dra ook by om die dubbelmedium-idee van die universiteit te handhaaf.

Studente word toegelaat om te enigertyd besoekers vir ete te nooi. Ouers eet ook dikwels saam met die studente.

## Republiek is ver agter sê prof.

„Op die gebied van natuurwetenskaplike navorsing staan die Republiek ver agter by die buiteland — selfs by die lande van Suid-Amerika," het prof. P. H. Stoker, hoof van die Departement Fisika aan die Potchefstroomse Universiteit, Saterdagaand 11 Junie gesê in 'n toespraak voor die Antartiese Vereniging in Pretoria.

**BEGRYP**

Prof. Stoker, wat pas van 'n studiereis na Europa, Amerika en Suid-Amerika teruggekeer het, het gesê dat hy nou baie goed kan begryp waarom soveel Suid-Afrikaners vir navorsing in die buiteland is.

## GEOLOË GAAN TOER

Die Geologiese Studentevereniging pak die vakansie 'n langverwagte toer na Suidwes-Afrika aan.

In 'n brief aan Die Wapad sê die voorsitter van die vereniging, dr. S. J. van Wyk, dat die toer die jaar moontlik gemaak is deur ondersteuning van die Universiteitsowerheid asook deur 'n bekende oile-maatskappy.

Die toerlede sal Suidwes van 'n kant af pak en verskillende interessante plekke veral met die oog op die geologiese belangrikheid daarvan besoek. Die Visrivierkanjon, Brandberg, Rehoboth, Etoshapan en Tsumeb verskyn op die toerprogram.

Prof. P. B. Ackermann, hoof van die Departement Geologie, tree as toerleier op. Dosente en na-graadse studente van Geologie en Aardrykskunde en tweede- en derde jaar Geologiestudente maak die toer mee.

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

**SANLAM**
*vir Beskerming*

U koop graag
**VEKA**
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
**Mans- en Sportuitrusters**

**TX MODISTE**
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

**Paradise Restaurant**
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette vir julle BLOMME . . .
SPESIALE AFSLAG
Kerkstraat 143 Tel. 4062

**GROSVENOR**
EN
**GOUGH MOTORS**
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

**MOOIRIVIER APTEEK**
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
**„Helena Rubenstein"**
-Skoonheidsmiddels

die WAPAD
WOENSDAG 23 JUNIE 1965

# Beginselvas

IN SY WERK Beginsels en Metodes in die Wetenskap sê prof. H. G. Stoker dat 'n beginsel 'n fundamentele (oorspronklike) en leidende (of rigtinggewende) bepaling is wat vir 'n bepaalde gebied geld.

Dit is natuurlik geen voldoende wyse van stelling oor wat die begrip beginsel presies inhou nie, aangesien sommige van die woorde in so 'n stelling vir die leek eers nader omskryf moet word. Feit is egter dat die drie betekenismomente: begin, leiding en gebied, hierin gevind word wat nodig is vir die bepaling van alle uitgangspunte en standpunte met betrekking tot alle wetenskapsvorming en dus ook teorieëbou.

Aan die Potchefstroomse Universiteit kry die student telkens met die begrip „beginsel" te doen. Aan hierdie universiteit word die enkele woord daagliks gebesig om aan te toon dat hier bepaalde beginsels gevind word wat gefundeer is in die Heilige Skrif. Hier word 'n tweejaar-kursus aangebied met die uitsluitlike doel om integrasie van die wetenskap as geheel met sy besondere vertakkings, asook van wetenskap en lewens- en wêreldbeskouing as oogmerk, te verkry.

In sy toespraak onlangs voor die A.S.B. het die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, gesê dat die moderne mens tot 'n groot mate aan 'n gesplete persoonlikheid ly wat veroorsaak dat verskillende beginsels vir verskillende sake toegepas word. Wanneer dit gebeur kan die mens nie as geïntegreerde mens teen die eise van die lewe optree nie. Die taak van die student is om tegelyk oud en nuut te wees, het hy gesê. Oud in die aanvaarding van die beginsels wat daarvoor verantwoordelik is dat hy is wat hy is, en nuut in die sin dat hy steeds in ontwikkeling voor moet wees.

Prof. Bingle het egter aangetoon dat die kern van die saak is dat die beginsels nie by die moderne omstandighede aangepas moet word nie, maar dat dit wel andersom moet geskied. Dit kan alleen gebeur indien die student oor die nodige kennis en begrip van sake beskik teneinde die beginsel te deurleef en deel van die self te maak.

'n Beginsel is dus iets waarmee gewerk moet word, en nie 'n suiwere akademiese onbekendheid wat net vaagweg voorgehou kan word as die rede waarom dit of dat deur die mens gedoen word nie.

Daarom is dit ook verblydend om in die Studente-omroep te kon lees dat daar 'n beroep gedoen word om nie net 'n beginsel as oplossing te gee en daarmee 'n bespreking af te handel nie, maar dat die menslike tekortkominge en die paadjie wat daar geloop moet word om by die beginsel uit te kom, in gedagte gehou moet word.

# 'n Pragdrie!

DIE Rugbyklub van die P.U. het die jaar los deurgebreek en 'n pragdrie agter die pale gaan druk. Drie Intervarsities in een jaar! Eers was dit die manne van Rhodes wat hier kom besoek aflê het, en volgende semester word die stryd teen die Witsies aangepak en daarna die tradisionele Intervarsity teen die Kovsies.

In die afgelope tyd — en dit strek 'n jaar of twee-drie terug — is daar veel geskryf en gesê oor sport aan die P.U. In die sportrubriek van Die Wapad word daar voortdurend 'n beroep op die massa gedoen om hul gewig by die sportliggame in te gooi. Die sportbesture het ook gedurig met die owerhede die afgelope jaar of twee geskakel om beter geriewe ten einde die massa op 'n nog aanlokliker wyse by die sport te betrek.

Dit is wanneer sulke pogings, soos die van die rugbyklub en ook ander liggame (waaronder die sokkerklub) gesien word, dat 'n mens durf hoop op meer ondernemingsgees en sportbewustheid aan die kant van die Pukke in die toekoms.

# Deur My Lens

Toe die hoofspeelster van Debbie nie haar eie fliek kon gaan sien nie, het stemme van alle kante opgegaan; toe die swart spelers nie hulle Zulu kon sien nie; nie so baie nie. „Omdat die Rhodesië Party nie meer bestaan nie", sal die opposisie voortaan as die United People's Party bekend staan, het sy eerste swart leier gesê. Varkvel word met sukses deur Amerikaanse snykundiges op mense oorgeplant, veral waar groot brandwonde opgedoen is.

**KINDERS**

Dit kos ouers en die staat gemiddeld R7,000 om 'n kind tot matriek te neem — en dan nog Universiteit toe. Hoër inkomstegroepe het minder kinders as laeres. In Pretoria word jaarliks meer nuwe motors geregistreer as babas gebore. Suid-Afrikaanse vrouens gryp gretig na die stuurwiel in plaas van na die kinderwaentjie, sê Arthur Barlow.

**RADIO**

Gedurende die vyftien jaar van sy bestaan het Springbok Radio R25 miljoen ingebring. Sondae luister 186,00. en 336,000 luisteraars na die oggend- en aandienste onderskeidelik.. Teen verlede September was meer as een miljoen telefone in Suid-Afrika in gebruik. Meer Alsations as enige ander hondesoort is in Suid-Afrika geregistreer. Die vrou is nie alleen gevaarliker as die man nie, maar ook sy meerdere, beweer 'n bekende Johannesburgse volkekundige.

**SPECTATOR**

# In U Lig

## VOORBEELD IN GELOOF

**„Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld van die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid" — 1 Tim. 4 : 12.**

Die apostel Paulus skryf aan die skaam Timotheus om die gemeente te vermaan en om homself te versterk en aan te moedig vir sy taak. Die gemeente mag Timotheus nie verag of onwaardig ag vir sy taak net omdat hy nog jonk is nie.

**Timotheus mag egter ook nie aanleiding daartoe gee nie. Hy moet met sy lewe 'n voorbeeld vir die gelowiges en ongelowiges stel. Hy moet 'n voorbeeld wees van hoe 'n mens lewe wat waarlik in God glo en Hom liefhet.**

Hy moet dit doen wanneer hy oor die Woord van God spreek, maar ook in al sy gesprekke moet hy 'n voorbeeld stel. Sy lewenswandel, wat sy woorde moet bevestig, moet ook deurdronge wees van die besef dat hy 'n kind van God is. Sy liefde tot sy medemens, sy geloof en die uitlewing daarvan, sy reinheid van sedes in alle opsigte moet staan in die teken van die kruis van Christus.

Ons as studente moet hierdie woorde in ons ore knoop. Ons mag nie mede-studente wat 'n voorbeeld probeer stel en riglyne volgens die Woord van God trek, verag of sommer ignoreer net omdat hulle jonk is nie.

**Maar net so belangrik is dit dat ons lewenswandel nie met die Woord van God en ons eie Christelike beginsels en die van ons Universiteit 'n stryd sal wees nie, of dat ons dit miskien selfs sal verag nie.**

Elkeen van ons moet 'n voorbeeld van 'n ware gelowige wees op elke plek waar ons ons bevind. As 'n mens jonk is, doen 'n mens maklik dinge wat nie juis respek afdwing nie. Ons liefde tot God en ons dankbaarheid vir al sy weldade moet uit ons hele lewe straal, sodat ons ander se duistere lewens ook daarmee kan verlig, maar veral sodat ons God daardeur die eer sal gee. Om ons daarmee te help, het God sy Heilige Gees aan ons gegee.

Dit is wat God vra. Gaan u dit doen?

# Hulp aan S.A. saboteurs verregaande

Op 11 Junie, Vrydag 5 nm. was die koeël deur die kerk. Op 'n vraag waarom daar nie hulp verleen word deur die Nederlandse Regering aan die onderdruktes in Indonisië nie, het dr. Luns van die Sosialiste Party die warm Hollanders die swye opgelê deur te sê dat die Regering wel van plan is om R20,000 te skenk aan die „South Africa Aid Fund" ten einde finansiële steun te verleen aan politieke slagoffers oftewel „vryheidsvegters" in Suid-Afrika.

**Tussen Ons Gesê**

Die Hollanders in die Republiek het daar geen genoeë mee geneem nie en 'n protesoptog is beplan vir Saterdag 19 Junie.

Die kerngedagte agter die hele aksie was dat die Hollanders wat hulle nou tussen die „vryheidsvegters" bevind, daarvan bewus is dat die kloeke manne eintlik saboteurs is wat in die hande van kommunistiese agressors speel.

Hulp aan saboteurs is verregaande, wanneer 'n stamland sy rug draai op sy eie mense, kan die nie anders nie as dat hulle op duidelike wyse ingelig sal word wat die gevoel van die Nederlanders in Suid-Afrika is, wat vertroud is met die ware toedrag van sake, en daarom hulle volle steun aan die Suid-Afrikaanse Regering toesê.

Dirk Wijnbeek.

# Stywe lyne vir Rugbyspelers

Geagte Redakteur,

Ek skryf seker namens alle sportliefhebbers op die Puk as ek ons rugbyspan met sy harde poging van Saterdag gelukwens.

Hou die leisels styf, kêrels, Intervarsity lê voor.

Janman.

# Gerekte relase nie nodig

Geagte Redakteur,

Dit is nou alles goed en wel en ek was baie bly om in die brief van mnr. Gert du Ru, in die vorige Wapad, te kon lees oor die gehalte van ons studentekoerant.

Die vraag is egter vir my of Die Wapad aan al die vereistes van 'n studentekoerant voldoen. Met ander woorde, verskyn daar berigte in wat vir elke student op die kampus iets beteken? Wanneer ek deur Die Wapad blaai kom ek gereeld af op lang relase oor wat op vergaderings gesê is. Ek dink dit is onnodig. Laat ons liewers less van wat nog gaan kom. Indien ons wil weet wat op die vergaderings aangaan kan ons mos self gaan luister. En dan die liewe sport. Lang stories oor wedstryde wat die meeste van ons bygewoon het of kon bywoon. Kan ons nie liewers lees van wat voorlê nie?

Ek vra maar net.

Harry.

(Dit sal interessant wees om te hoor wat ander Wapad lesers sê. Red.—D.W.).

# Langpad maak hom flou

Geagte Redakteur,


Niemand moet my kwalik neem indien ek weer laat vir klas kom nie. Drie jaar lank is ek gekondisioneer om 'n sekere tyd op te staan, te was, te eet en te loop.

Nou het die manne van oom Ben Schoeman se departement besluit om ons kortpad klas toe met yslike drade af te kamp.

Is dit nie tyd dat ons 'n voetbruggie oor die spoor kry nie? Ek meen te sê, 'n man wil mos darem nou nie soos 'n stokflou perd by die fontein van kennis aankom nie!

Ywerige student

## ONTEMBAAR!!




**Volgens 'n berig in die dagbladpers word olifante deesdae in die Krugerwildtuin gemerk.**

# Staatsdiensamptenare vanaf volgende jaar aan P.U. opgelei

**Die P.U. begin aanstaande jaar met die opleiding van staatsdiensamptenare, het prof. C. P. van der Walt op 4 Junie in die Totiussaal gesê.**

Hy het sy intreerede as professor in die Staatsleer oor die vraagstuk van die vryheid in die staats- en semi-staatsinstellinge gelewer.

**BEHOEFTES**

Groter verantwoordelikheid van die Regering, veral op ekonomiese gebied, het gelei tot die stigting van semi-staatsinstellinge soos die W.N.N.R., die S.A.B.S. en ander reuse-ondernemings soos Sasol en Yskor. Die ondernemings voorsien in die behoeftes van die land, wat die privaatsektor nie kon of wou voorsien nie, het prof. van der Walt gesê.

**Hoewel die instellinge van die Staat afhanklik bly, het die vraag ontstaan welke mate van vryheid die inrigtings moet geniet. Tans blyk dit dat die neiging bestaan om hulle aan streng beheer deur die staat te onderwerp.**

Prof. van der Walt het gesê dat die deskundige aard van die staat se werksaamhede meer as net gespesialiseerde instellings is.

**LEWER**

Die P.U. is bewus van die behoefte en sal volgende jaar begin met opleiding van werkers vir die staatsdiens in 'n poging om soos reeds op ander gebiede, mense te lewer wat deskundig, diensvaardig en roepingsbewus sal arbei.

**„Ook die Kommunisme en ander verwerplike strominge roep om bestudering en bestryding. Weens sy besondere grondslag rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die P.U. vir C.H.O.", het prof. Van der Walt gesê.**

Hy het ook waardering betuig vir die werk van prof. J. du Plessis, die grondlegger van die Staatsleerdepartement.

## Vakansiekursus aangebied

In Julie vanjaar word 'n opknappingskursus vir onderwysers in die natuurwetenskaplike vakke aan die P.U. aangebied. Die kursus sal deur proff. Stoker en Venter waargeneem word.

# Toergroepe Spesialiseer

**DIT IS DUIDELIK dat daar 'n groot verandering gekom het in die wyse van aanbieding deur die Thalia-toneelgroep en die Alabama Studentegeselskap van die P.U.**

Die twee groepe het in die verlede bekendheid vir hulle studenteaanbieding eerder as professionele spesialisering verwerf.

**SUKSES**

Alabama voer weer Aggenee Bettie van Nesco du Toit op waarmee soveel sukses drie jaar gelede tydens die Suidwes-toer behaal is. Die groep toer die jaar deur Wes-Transvaal en Noord-Wes-Kaapland. Dr. en mev. B. C. Strydom is die toerouers en Coennie Nel tree as toerleier en S.R.-verteenwoordiger op.

Die hoofrolle word vertolk deur: Ettiene van Loggerenberg, Gert Roos, Coennie Nel, Mike Cunniff es mejj. Barenda du Plessis, Katy Lessing, Heilna Venter en Margie Raath.

**KEUSE**

Die lede van die ouer garde wat rolle vertolk is mejj. Letsie de Beer, Anna-Marie, Mischke en Martelli du Plessis.

Die bekende stuk van Gerhard Beukes, Verkiesing Sonder Politiek, is Thalia se keuse vir die treintoer deur Noord-Transvaal en Natal. Dit sal interessant wees om te sien hoe vaar die drie eerstejaars, Mac van der Merwe, Bakkies Preller en Dirk Laufs.

**Die Wapad se beste wense vergesel die twee groepe in die vertroue dat die paadjie wat reeds deur soveel vor'ge groepe gebaan is met sukses deur hulle getrap sal word.—BEDSA.**



COENNIE NEL, toerleier van Alabama.

# Woordeboek vir Aptekers van onskatbare waarde

'n Tweetalige aptekerswoordeboek deur die Vaktaalkommissie en Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, het onlangs verskyn.

Verskeie instansies het meegehelp in die volvoering van die taak en alles dui daarop dat hierdie gesaghebbende werk vir aptekers en drogiste van onskatbare waarde sal wees.

**MYLPAAL**

**Met die verskyning van die woordeboek is 'n nuwe mylpaal bereik om van Afrikaans 'n volwaardige vaktaal te maak.**

Die tweetalige Aptekerswoordeboek is verkrygbaar van die Sekretaris, S.A. Akademie, Posbus 538, Pretoria, teen R1.50 per eksemplaar.

## NUWE KURSUS

**'n B.A.-graad in Verpleegkunde sal van aanstaande jaar af deur die P.U. aangebied word. Die kursus sal vier jaar duur en sluit onder andere verpligte kursusse in Sielkunde en Sosiologie in.**

## Kerk is monument

Die Nederduits Hervormde Kerk van Potchefstroom op „Kerkplein", is deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap tot historiese monument verklaar.—Staatskoerant.

## Inwyding van gebou



**Prof. Lichthelm aan die woord tydens die ingebruikneming van die Industriële Chemiegebou. Regs verskyn mnr. Tommie Muller, bekende in mynkringe, wat die gebou geopen het.**

## Enigste in die Republiek

Die Universiteit van Port Elizabeth sal voortaan die enigste universiteit in Suid-Afrika wees om 'n kursus in tekstieltegnologie aan te bied.

Mnr. C. J. Botha, die assistent van die Rektor, het gesê dat studente wat vir die kursus ingeskryf het, hulle praktiese opleiding by die Suid-Afrikaanse Wolnavorsingsinstituut sal ondergaan.

Vir die doel word die instituut van Grahamstad na Port Elizabeth oorgeplaas.

Die eerste studente in die kursus sal in 1967 kan inskryf.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK

# VEELBEWOË WEEK WARE ONDING

**DIE VEELBEWOë toetsweek is iets wat in almal se gedagtes is. Gelukkig kan ons in die verlede tyd daarvan praat, want geeneen glo ek, sou graag 'n herhaling van die ou sakie wou beleef nie.**

Miskien sal die afgesloofdes en afgetakeldes darem weer 'n slag kan asemskep, of sal die uitslae dalk juis meebring dat ons nog meer kortasem word? So 'n eksamen kan 'n student nogal hoofbrekens besorg want dit gooi die hele beplande skema omver.

### VERWAG

Mens verwag mos nou nie 'n onling soos eksamen hier in Juniemaand nie, en wie beplan nou so dat jy slaggereed is vir iets wat jy in jou wildste nagmerries nie voorsien het nie? (Die Russe se vorige eerste minister het tog ook seker nie vir 'n onverwagte vakansie in Siberië beplan nie.)

Die feit dat die eksamen nou ook 'n hoofstuk in gister en eergister se verhale is, al moet die naskrif nog volg, is darem 'n troos. Vir die wat nou nie juis op 'n soort van segetog was nie, is daar darem nog kans om te skrik en te wik en met meer ywer aan die akademie te pik, want daar sal maar altyd weer referate en toetse op die horison verskyn waarmee die studente rekening moet hou wat een of ander tyd hiervandaan wil verdwyn.



**Die groepie was van die laastes wat die veelbesproke toetsweek aangepak het.**

## Minderheid is ongetwyfeld bobaas

Van die 75,569 blanke kinders wat in 1963 die lewenslig aanskou het, was 38,705 manlik en 36,864 vroulik en sedert 1955 is daar elke jaar meer seuns as dogters gebore

Hierdie interessante gegewens is vrygestel deur die Buro van Statistiek oor geboortes in Suid- en Suid-Wes Afrika.

### FEIT

'n Ander uiters interessante feit is dat die meeste blanke babas (40,119) in 1963 in Transvaal gebore is en dat 8.7 van alle blanke babas in September gebore is wat meer is as in enige ander maand.

### HELDE

Die arme mans is dus darem nog in die meerderheid hoewel die helde een of ander tyd die slagoffers van die minderheidsgroep word. Dis seker die enigste faset in die lewe waar 'n minderheid so 'n groot sê het, of hoe het ek dit nou?

## KLAWERHOF

Klawerhof, die P.U. se grootste dameskoshuis, het op 11 Junie verjaar. Mev. A. L. Aucamp, voorsitster van die uniale G.S.O., het die koshuis tien jaar gelede amptelik geopen.

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

## Handewerk van Pioniers




**Hierdie bruggie is die handewerk van pioniers van die koshuise oorkant die spoor ten einde 'n kortpad na die akademiese sentra te baan. Die bruggie help inderdaad baie om studente na die vermoeienis om twee hindernisse in die „trek na die akademie" te oorkom, sonder veel inspanning oor die „bulderende watermassa" te lei. Die ontwikkeling aan die spoor langs die brug bedreig nou sy bestaans reg, en 'n briefskrywer vra in die uitgawe of hy nie vervang kan word met 'n voetbrug oor die spoor nie.**

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."
Turkstra
TE KRY BY U KAFETERIA

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

# Verlief Verloof Verlore?



DAGSÊ al die slepers en al diegene wat die rubriek net terwille van „op-hoogte-bly" lees.

Ai mense, dis maer tye wat ons belewe: dis suikerskaarste en koolskaarsste. Mens voel om saam met die digter uit te roep:

**Die sprinkaan en die droogte**
**Is swaar op onse land**

**En wat van ons moet worde**
**Is bowe my verstand.**

Gelukkig het ek darem weer hoop gekry vir die toekoms nadat ek Dionysius Stradivarius van Over de Voor se brief ontvang het. Hy is dan ook die wenner van ons „Winter-wil-nie-werk-nie"-wedstryd en die tjekkie van 7c word binnekort aan hom gepos. geen eis nodig nie: wag net geduldig vir so drie of vier weke

Nietemin, Dionysios se oplossing vir die vraagstuk waarom daar in die winter so min slepers is, klink vir my die aanneemlikste: hy beweer dat daar so min is omdat ons die ander nie sien nie En siedaar: die probleem is opgelos. Maar wat my nou weer dronkslaan is: waar is die ander dan? Dionysius, wil jy nie weer vir tannie Kaaikie laat weet as jy die ander gekry het nie?

### EERSTE WINTER

Dan het ek 'n ander briefie ontvang van Aaron Fannirmerwe. Aaron sê hy is 'n eerstejaar en daarom het hy nog nie kennis van die winterslepery nie, want dit is sy eerste winter op die Puk. Hy weet dus ook nie waarom die slepe so skaars is nie, maar hy sê hy het 'n onfeilbare resep wat hy nog by sy oumagrootjie van moederskant af gekry het wat ek tog asseblief vir al die slepers moet gee. Dis glo al wat sal help, sê Aaron.

Nou goed, hier is die resep:
Die heldre lig van vollemaan,
Van aasvoëlruik 'n duim,
'n Bottel kraai van 'n hoenderhaan
Een skilpad syn versuim.
'n Houte kis goed vol met wind,
Met twee el steenkoolrook,
Die ouderdom van maer Gert syn kind
Met naarheid goed gekook.

Ek voel so aan my dat hierdie resep gaan help: reg of weg. Aaron ek stuur vir jou 'n splinternuwe 2c-stuk as troosprys. Laat my net weet wat jou volledige adres is.

### HAAR MA

Om nou tot die punt te kom: Ek was tot gister toe vas onder die indruk dat Maggie du Buisson so gereeld vir haar MA in Uitspan gaan kuier, maar nou weet ek van beter, want Michael Cunning kuier weer gereeld by Kulu. Is dit hoe die vurk in die hef steek, of moet ek liewer sê: die kuiers in mekaar steek?

Ek is seker dat ek hier 'n anachronisme beet het: Anneke Kloppers en Trichardt sleep knaend. Ekskuus, ek sien nou dis Trichardt Malan en nie Louis Trichardt nie. Jammer hoor.

Renette Roux loop deesdae die ene glimlaggies hier rond. Die ander skaarste pla haar nie meer nie, vandat Casper Els haar so baie by Kulu kom haal.

Annalie Vorster se daaglikse besoeker is Theo Daly.

Vra bietjie vir Frannie le Roux wat maak Ben Vorster se rooi Porche voor Oosterhof se voordeur . . .

Rosil van der Walt het my belowe dat sy vir my, voor die einde van die jaar, 'n „scoop" vir die rubriek sal besorg. Sy sê die Thalia-toer gaan glo sulke interessanthede oplewer.

Wie was die eerste ou wat gesê het dat soort soort soek? Was dit nie dalk Elsa en Attie Badenhorst nie? Nee, hulle is nie broer en suster nie, ook nie tweeling nie . . .

Andrea van der Walt en Jan Hendrik Boneschans sleep vas. Die baie name is daar om nie deurmekaar te raak nie, nê Andrea!

Hier is nou 'n paar gevalle wat ons goed sal moet dophou die volgende tydjie:

Setta Jooste en Frans Venter,
Dalene van Rensburg en Gert van Rooy,

Corli du Plessis en Frik Maree en les bes ook vir Lucie Horn en Willem van Kralingen.

Henna le Roux en Albie Swart se dinge kom ook nou mooi reg en dit lyk vir my of Kobie Potgieter en Geo Knoetze die ou sakie ook nou baasgeraak het.

Betsie Brits en Giullaume Uys wil ook glo lede word van my „warm-winter"-klub. Mooi skoot!

Twee ou lede wat na 'n tydelike bedanking weer hulle lidmaatskap hernu het, is Martha Smith en Nic Gey van Pittius.

### KYSBOOTJIE

Na 'n kortstondige romanse verseker Johannatjie du Toit en Frans van der Walt ons dat die Kysbootjie die veilige hawe van geluk verlaat het en nou op die see ronddobber . . . e . . . ekskuus, dis net anders om. Ek bedoel van die bootjie.

Elizabeth Pellatt is nie verniet 'n eerstejaar nie: sy het vir Bernard Hellberg aangekeer.

Mense ,so van bootjies en hawens gepraat: weet julle hoeveel bootjies hierdie wintervakansie vasgemeer gaan word? Nie minder as vier nie!

### VASMEER

Baie geluk aan die volgende pare met hulle voorgenome huwelike in Junie- en Juliemaand:

Elsa Theron en Fanie van Rensburg,

Irene Stavast en Chris Vermaak,
Riekie Smith en Andries Coetzer en Elsabe Herman en Baas Buys.

Ons beste wense vergesel julle vir die toekoms. (Sê net vir my: is daar onder julle wat van Aaron se raad gebruik gemaak het? Ek vra maar net).

By die ter perse gaan het Kupido stokflou en uitasem hier aangesit gekom met die belangrike nuus dat Hans van Zyl en Wilna Kruger sommer so goedsmoeds verloof geraak het. Absolute geluk julle twee bittereinders.

Lekker sleep, **Kaaikie Kekkelbek**

## Net 'n oomblik

Iemand het eenkeer gesê: „youth is so splendid a thing, it's a pity that it is waste on young people". Sou mens dan eers baie later die waarde en die gawe van jonkwees besef?

# *Aan die Sportfront*

deur SPREILIG

RYDAN het van die toneel verdwyn en Spreilig is daar om u voortaan in te lig oor wat daar op die sportgebied aan die gang is. So van inlig gepraat, daar is sommer baie te sê oor die sport van die afgelope paar weke.

Hennie Muller se Springbokke is toe weg na Australië en Nieu-Seeland en toer blykbaar lekker. Ook maar goed die keurders het besluit om die Bokke nie op die Puk se sportstadion te laat fiks word nie, anders was die prestasies dalk ooreenstemmend met die van die eerste Rugbyspan van die P.U.

**SWAK VELDE**

Van sportstadion gepraat: gesien in die lig van die huidige ontwikkeling aan ons Universiteit wil dit vir my voorkom of daar geen steen of graspol is wat onaangeroerd gelaat word nie. Selfs op die „pragtige" rugbyvelde het daar in die jongste tyd etlike nuwe graspolle verrys wat in konstante reëlmaat afgewissel word deur etlike slaggate om meer luister aan die omgewing te verleen. Blykbaar pas dit mooi aan by die nuwe gebouekompleks wat in die vooruitsig gestel word. Tog is dit jammer dat etlike goeie sportmanne en -vroue tans met die gevolge van die nuwe velde op die pawiljoen moet sit.

**GEDRAG OP PAWILJOENE**

Ek het so flussies iets van die pawiljoene gesê wat my toevallig op 'n baie belangrike onderwerp gebring het, naamlik die gedrag van ons studente in die algemeen op pawiljoene. Dit is onrusbarend om te sien hoe daar deesdae telkemale teen die skeidsregters gediskrimineer word en slegs negatief belang gestel word in sy wedervarings. Ek hoop dit word nie 'n gewoonte nie, en dat daar liewer in die toekoms meer aanmoediging vir die spelers sal wees, as die gedurige uitjouery wat nie die universiteit se naam goed doen nie.

**INTERVARSITY**

Om mee af te sluit, wil ek net al die lesers 'n aangename sportbeoefening toewens en na die gebeurtenis teen Pote en die komende intervarsities teen Ukovs en Wits is dit die moeite werd om so 'n bietjie ekstra in te sit.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.**

# PLUIMBALSPAN SPEEL MET WEERMAG KLAAR

**IN 'N AANSKOULIKE wedstryd het die Pukke daarin geslaag om Weermag verlede week met 15 — 3 te verslaan. Hierdie kragmeting was Weermag se eerste neerlaag van die seisoen.**

Die Pukke het nog geen wedstryd hierdie seisoen verloor nie en met laasgenoemde vertoning het hulle seker gemaak dat hulle tans heelbo aan die liga in Wes-Transvaal is.

Die oorbywende wedstryde in die mansliga behoort geen probleme op te lewer nie.

**DAMES VERRAS**

Ook die dames het vir 'n verrassing gesorg toe hulle Weermag onder die knie gekry het. Die oorwinning is grootliks moontlik gemaak as gevolg van die hegte kombinasie tussen Ilse Underhay en Rosalie de Klerk. Bestendige spel is deurgaans deur die ander dameslede gehandhaaf, wat hulle die sege van 12-0 besorg het.

# Kampioenskappe vir pluimbal in Wes-Tvl.

Johan en Jannie de Wet het deurgedring tot die kwarteindronde waar hulle deur I. Hartshorn en J. Human onderskeidelik, uitgeskakel is. Hartshorn is op die oomblik die S.A. Universitêre pluimbalkampioen.

**TERUGSLAG**

In die semi-finaal vir dames is Rosalie de Klerk, wat verlede jaar groot opskudding verwerk het op die Inter-Universitêre sodanig beseer dat sy haar aan die kampioenskappe moes onttrek. Die besering kan haar moontlik verhoed om aan die 1965 Inter-Universitêre Kampioenskappe deel te neem.

Afgesien van haar besering hoop die klub nogtans dat mej. de Klerk betyds sal herstel en word daar met groot verwagting uitgesien na die kampioenskappe.

# TELEURSTELLENDE SOKKER

**Die Weermag het daarin geslaag om die Puk se sokkerspanne met onderskeidelik 5 — 2 en 8 — 0 die loef af te steek.**

Dit was sonder twyfel die A-span se swakste wedstryd hierdie seisoen en as dit nie vir lie knap spel van Johan Moens was nie, dan sou Weermag seker nog verder gewen het. Daar was 'n totale gebrek aan samespel en die agterspelers het sekerlik doele verniet weggegee.

**BALBEHEER**

Hierdie wedstryd behoort vir die A-span te toon dat alles nog glad nie wel is nie en dat instede van spanoefeninge, daar meer aandag gegee moet word aan individuele spel- en balbeheer.

Wat die B-span aanbetref, is spelers nog steeds geneig om die rugby-instink na vore te laat kom en die gevolg is 'n blindelingse storm vir die bal. Die feit bly egter staan dat die potensiaal geweldig is en dat met 'n bietjie meer ondervinding hul spel behoort te verbeter.



**R. DE KLERK**
**Foto: Fotokuns**

# KOSHUISLIGA-BEPALINGS

Vrydag 18 Junie Dorp vs. Dawie Dup gekombineerd.

Vrydag 25 Junie Dorp vs. Over de Voor.

Vrydag 6 Augustus Dawie Dup gekombineerd vs. Kompleks.

Vrydag 13 Augustus Kompleks vs. Dorp.

Vrydag 27 Augustus Over de Voor vs. Kompleks.

Vrydag 3 September Dawie Dup gekombineerd vs. Over de Voor.

Enige persoon mag vir 'n bepaalde koshuis speel wat:

'n Inwoner is vir minstens 'n week voor die wedstryd;

Nie 'n lid is van die P.U. se eerste-, tweede, of O/20-spanne gedurende die spanne se vorige twee wedstryde nie, tensy beserings die oorsaak was vir 'n speler se afwesigheid uit die spanne.


# Spaar By Volkskas

## waar u geld

# 4%

**op daaglikse saldo verdien en waar talle bankdienste kosteloos tot die beskikking van spaarrekeninghouers gestel word. In 'n Volkskas-spaarrekening is u gelde Bank-veilig en u geniet al die voordele van 'n volledige bankdiens. Open 'n spaarrekening vir uself, u vrou of u kind by Volkskas vandag.**

# VOLKSKAS BEPERK

**(Geregistreerde Handelsbank)**

**Hoofkantoor: PRETORIA**

# PUK TRAP KLEI TEEN POTE

**ALLE EER AAN DIE POTE en simpatie aan die Pukke wat baie hard in Saterdag se rugbybotsing probeer het. Pote het in die wedstryd bewys dat hulle een van die gedugste spanne in die Wes-Transvaal is en moeilik in die seniorliga gestuit gaan word.**

**Die span van P.O.K. was ongetwyfeld die beste afgerig. Dit was duidelik dat hulle met elke beweging presies geweet het waarheen hulle wil en doelloos losgetjommel het nie. Dit is een van die hoofredes waarom die reuse telling van 30 — 3 teen die Pukke opgestapel is.**

Die wedstryd het in die begin baie gunstig vir die Puk verloop en veral in die eerste paar minute het hulle voortdurend op die aanval geboer. Die Swartetjies het egter spoedig die wurggreep afgeskud en tot die aanval oorgegaan.

**NIE BESTE**

Met die rustyd telling 21 — 0 was dit duidelik dat die Puk nie die beste span op die veld was nie. Die agterlyn is telkemale deur die blitsige en akurate bewegings van die Pote onklaar betrap.

Hoewel die agterspelers swaar geleef het, het die voorspelers heldhaftig probeer om die mas op te kom. Die Pote het in die lynstane lelik opdraande gekry en moet die name van Coert van der Merwe en William Scott, wat ook in die los 'n bars gespeel het, genoem word.

**BEMOEILIK**

**Die voortdurende neiging om die bal in die lynstane te klap het egter die taak van Bennie de Klerk op skrumskakel baie bemoeilik. De Klerk het besonder goed gespeel maar die haastige Pote losvoorspelers het telkens hulle aanvalle van hier begin. Die skeidsregter kon miskien die valke meermale dopgehou het.**

Andries du Plooy is vroeg in die wedstryd beseer en moes tweede heelagter gaan speel. Die feit dat Gawie Yssel toe op senter moes gaan diens doen het sake vir die Puk heelwat bemoeilik.

Op heelagter het Koos du Plooy die fort goed gehou en as dit nie vir hom was nie sou die telling aansienlik hoër gewees het.

**ANDER SPANNE**

**Die ander spanne van die Puk het al hulle wedstryde gewen en sodoende in 'n sekere mate vergoed vir die groot neerlaag van die eerstespan. Die uitslae was:**

**Tweedespan wen 11 — 9.**
**Derdespan wen 5 — 3.**
**Vierdespan wen 21 — 6.**

• Ons wens die Pote hartlik geluk, hulle het die oorwinning terdeë verdien. Op 7 Augustus speel die twee spanne weer teen mekaar en dan hoop en glo ons sal die Pukke beter vaar.

Sportredakteur.



**Saterdag het dit soms met die Pukke goed gegaan — veral in die lynstane ! !**

**Op die boonste foto spring die Eerstespankaptein, Dave Tromp, hoog na die bal. Op die onderste foto is dit Bossie Muller van Tweedes wat na die bal reik.**



## MIELIEBOERE JONGSPAN WEN TVL.

In 'n aanskoulike wedstryd het die Wes-Transvaalse o/20 -span daarin geslaag om die span van Transvaal met 14—9 te verslaan.

Uitblinkers in die wedstryd was veral Paul du Randt, wat op losskakel puik spel gelewer het en met sy buitelynskoppe telkens die oog gevang het. Losvoorspelers Gawie Yssel en William Scott het baie goed vertoon en Scott het dan ook 'n drie behaal. Ongelukkig is daar nie veel van die vleuels gesien nie en het die haastige Ubert Joubert geen kans gekry nie.

# Juniors wen Weermag in spannende stryd

**IN 'N BAIE aanskoulike wedstryd verlede Woensdag het die O/20-rugbyspan van die Puk daarin geslaag om die gedugte span van Weermag met 14 — 11 te klop. Sodoende het die Pukke feitlik seker gemaak van die Barnardbeker.**

Dit is heel onwaarskynlik dat die Pukke teen Strathvaal in hulle laaste ligawedstryd sal verloor. Laasgenoemde wedstryd is die finaal om die Barnardbeker.

**STRYD SPANNEND**

In die wedstryd teen Weermag het talle hoogtepunte die lig gesien, en was mooi agterlynbewegings aan die orde van die dag. Dit was veral aan die kant van die Puk waar die meeste slaankrag geopenbaar is. Redelinghuys het op senter kom diens doen het nadat Vorster 'n beserings opgedoen het, het met 'n paar mooi breekslae vorendag gekom, wat gelei het tot die uiteindelike drie van Kirstein, wat 'n bars gespeel het.

**VERDIENSTELIK**

Benewens Kirstein het Hoogenboezem baie verdienstelike spel gelewer op die flankposisie. Bruwer, die een senter, het egter teleurgestel, maar daar moet bygevoeg word dat hy 'n heelagter en nie 'n senter is nie, dog deur omstandighede gedwing was om in die posisie te speel.

**VOL MOED**

Oor die algemeen het die wedstryd seepglad verloop en het die Pukke as welverdiende oorwinnaars van die veld gekom en is die manne vol moed vir die laaste skof wat voorlê. Die laaste wedstryd vind eerskomende Woensdag plaas teen Strathvaal.

## Wes-Transvaler op sy stukke

Lofty Nel, kaptein van Wes-Transvaal, is blykbaar op sy stukke. Tot dusver lyk dit of hy een van die groot uitblinkers op die Springboktoer na Australië en Nieu-Seeland gaan wees.

Die onderskeiding om die eerste drie van die toer te behaal, het die Wes-Transvaler in die eerste wedstryd van die toer teen Wes-Australië te beurt geval. Dwarsdeur die wedstryd het dit ook gelyk of Nel moeilik uit die toetsspanne gehou sal word.

Die indruk is versterk in die wedstryd teen Nieu-Suid-Wallis. Ondanks die Springbokke se neerlaag, moes sy vertoning 'n verblydende aspek vir die toerkomitee gewees het.

Lofty Nel is geen onbekende by die P.U.-rugbyspanne nie. Hy is lid van die Strathvaalklub, een van die P.U. se gedugste teenstanders.

• Lofty Nel het nie die eerste toetsspan gehaal nie.

# Sportprestasies en goeie gees gaan saam sê oud-student

**IN 'N TOESPRAAK in die Totiussaal tydens Sing-songs verlede week, het mnr. Piet du Plooy, bekende oud-student, gewys op die belangrikheid van 'n gesonde gees tydens rugbywedstryde. 'n Goeie gees is 'n bepalende faktor vir die sportprestasie.**

Mnr. Du Plooy, hoof van die Hoërskool Jim Fouché in Bloemfontein, is 'n gesaghebbende op die gebied van afrigting en het van Bloemfontein af oorgekom om spesiaal met die rugbyafrigting alhier behulpsaam te wees.

Hy het ook gewys op die prestasies van die Universiteit op sportgebied wat van so 'n aard moet wees dat daar nie met leuens reg aan die Universiteit verleen word nie.

**OUDSTUDENTE**

**Mnr. Du Plooy het verder melding gemaak van die oudstudente wat die gebeure alhier noukeurig dophou en trots daarop wil wees. Dit kan egter nie op die huidige tydstip van rugby gesê word nie.**

Mnr. Du Plooy het ook gewag gemaak van die swak belangstelling van die dosente in die sportaktiwiteite van die studente. Slegs 'n geringe dosentetal beywer hulle om die sport aan die P.U. te bevorder. Dit is jammer, want sport is inderdaad die grootste advertensiemiddel van enige universiteit.

**SPREILIGTE**

In 'n onderhoud het mnr. Du Plooy gesê dat spreiligte synsinsiens 'n lewensnoodsaaklikheid is. Volgens hom word daar baie tyd aan spanoefening en fiksheid bestee, sodat daar nie laat in die middag tyd is om enige taktiek te oefen nie, wat uiters noodsaaklik is indien enige resultate verkry wil word. In sy toespraak vroeër die aand het hy reeds gewys op die swak toestande van die rugbyvelde en het hy in die onderhoud gesê dat hy bly is om te verneem dat die nuwe sportterreine in vooruitsig gestel word.

**Sportredakteur:** Namens die massa en veral die P.U.-Rugbyklub, ons hartlike dank aan mnr. Du Plooy. Ons kan hom verseker dat sy werk hoog op prys gestel word. Soos een student tereg opgemerk het: „Ons kan nie vir mnr. Du Plooy betaal vir wat hy vir ons gedoen het en nog sal doen nie."

# Oorsig oor rugbyklub se moontlikhede

**Gesien in die lig van prestasies wat tot op datum deur die rugbyklub behaal is, is dit duidelik dat die rugby inderwaarheid hierdie jaar baie goed vaar. Die rede hiervoor is te vinde in die aangename gees wat daar onder die klublede heers.**

Behalwe vir die eerstespan het al die ander spanne vir baie stewige vertonings gesorg. Die tweedespan het nie van die beste in die liga presteer nie, dog hulle hoef geensins terug te staan vir die ander spanne in Wes-Transvaal nie.

**VERRASSINGS**

Eintlik is dit die derde- en vierde spanne wat hierdie jaar vir die groot verrassings sorg. Met die uitsondering van twee wedstryde, het die derdespan hierdie seisoen elke keer as die oorwinnaars van die veld gestap.

Wat die vierdespan betref, is daar geen fout te vind nie en is hulle tans bo-aan die liga en met nog slegs twee wedstryde uitstaande, is hulle kanse baie goed.

**KERNGESOND**

Die O/20-rugby is vanjaar kerngesond en is sedert hulle toer deur Natal nog onoorwonne en speel hulle puik rugby. Daar is nie minder as sewe Wes-Transvaalse O/20-spelers in hulle geledere nie. Dit is 's baie goeie teken vir die toekoms van die P.U.-Rugbyklub.

Met die oog op die komende Intervarsities hoef daar nie gevrees te word nie. Dit is egter net die eerstespan wat haas tyd hulle sokkies moet begin optrek en die stewels moet vastrek indien hulle nog die pyp wil rook.

## Pukke presteer in landloop

In die Wes-Transvaalse landloopliga is die Pukke tans bo-aan die punteleer. Tydens byeenkomste tussen Wes-Transvaal en omliggende spanne van Suid-Transvaal en die Witwatersrand het ses Pukke Wes-Transvaal verteenwoordig. Hulle is: Dewald Steyn, L. Snyman, J. van der Walt en B. Buys in die senior afdeling met G. Mulder en Koos van Vuuren in die junior afdeling.



**Gavin Webster wat verkies is tot die gekombineerde Wes-Transvaal-Griekwaspan wat aan die inter-provinsiale hokkietoernooi sal deelneem.**